Die voorstelling van manlikheid in drie Afrikaanse prenteboeke vir kinders

Henriëtte Loubser

Education Library, University of Stellenbosch, GGCillié Building, Private Bag X1, Matieland, South Africa

hloubser@sun.ac.za

Everything we read, from sexist advertisements and women's magazines to romance novels and children's books, constructs us, make us who we are, by presenting our image of ourselves as girls and women, as boys and men.

Mem Fox

Abstract

"Masculinity studies" is an intellectual field both in dialogue with and in alliance with feminist theory (Gardiner 2002:ix). Male theory can research ideological inscriptions and the literary result of the gender system. Hegemonic masculinity is a culturally construction of masculinity which implies authority, toughness, heterosexuality, braveness, being adventurous, assertive, strong and competitive and in possession of public knowledge. According to Deevia Bhana, hegemonic masculinity allows for the explanation of the unbalanced nature of gender power relations where men and boys remain ascendant. But, she argues further, not all boys are the same. Hegemonic masculinity is socially constructed and influenced by different social processes where people interact in their daily life. Masculinities are not ficed but inectricably linked to social context (2009:329). With this study discourse analysis was used to invest the ways in which text and image portray masculinity in three Afrikaans picture books for young children. These books were respectively published

in 1982, 1996 and 2009. Picture books can be seen as reflecting current social values and behavior, constructing identities which are offered to children for them to aspire to (Wharton 2005:238). It was found that these three books show sensitivity towards the changing discourse on masculinity and that a new form of masculinity is offered as alternative to young readers. This alternative consists of a more complex portrayal of masculinity.

Key words: masculinity, gender portrayal, biological sex differences, Afrikaans children's picture books, gender theory, social construction

1 Inleiding

Navorsingsartikels oor die gender-boodskap wat kinderliteratuur aan jong kinders kommunikeer, is geensins 'n nuutjie nie. Selfs in die Afrikaanse literatuurstudie het navorsers soos MM Nieman en AJ Hugo (2004) reeds die voorstelling van gender in jeugboeke ondersoek.

Met die oog op die skryf van hierdie artikel, is daar ondersoek ingestel na die voorstelling van manlikheid in drie Afrikaanse prenteboeke vir kinders. Dit word gedoen aan die hand van diskoersanalise om die wyses waarop manlikheid gekonstrueer en verteenwoordig word in teks en illustrasies, na te speur. In hierdie geval word prenteboeke beskou as draers van sosiale nosies oor manlikheid binne die Suid-Afrikaanse konteks. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat manlikheid as deel van identiteit binne sosiale voorskriftelikheid gevorm word, maar dat dit veranderlik is en nie die gevolg van 'n vaste stel biologiese gegewes is nie. Posisionering kan dus uitgedaag en omvergewerp word. Met hierdie ondersoek word

bewys dat, alhoewel manlikheid en vroulikheid sterk binêre polariteite binne die alledaagse werklikheid is, daar reeds ‘n geruime tyd pogings binne die genre van kinderliteratuur bestaan om stereotipering te ondermyn. Hierdie ondermyning bring blootstelling vir jong kinders aan die bevraagtekening en uitdaging van streng voorbehoude oor manlikheid en oor hoe dit uitgeleef word binne die gemeenskap.

2 Manlike teorie

In ‘n voorwoord tot die boek *Masculinity studies & feminist theory: new directions*, noem Michael Kimmel dat manlikheidstudies en feministiese studies saam die jarelange insig van feministiese teorie oor die konstruksie van manlikheid ondersoek. Manlikheidstudies is dus ‘n beduidende uitvloeisel van feministiese studies en bly in ‘n komplekse en voortdurend veranderende verhouding daarmee. Manlike teorie ondersoek verskillende vorme van manlikheid (Gardiner 2002:ix).

Gender word gekonstrueer deur middel van taal as twee binêre kategorieë, hiërargies gerangskik in verhouding tot mekaar. Hoe om ‘n seun te wees kom grootliks daarop neer dat jy anders as ‘n meisie moet wees. Vervolgens voer Elizabeth Dutro aan dat verskillende vorme van manlikheid ook gedefinieer word in verhouding tot mekaar (2003:470). Manlike teorie beklemtoon verkille deur intervensie en ontwrigting van aanvaarde, geëssensialiseerde gender norme. Manlike teorie bied verder die moontlikheid van ondersoeke na gender en hoe dit voorgehou word in teks en in die werklike lewe, met die hoop tot transformering van sosiale voorskriftelikheid. Volgens Dutro vervat manlike teorie die volgende sleutelelemente: Manlikheid spreek tot uitvoerbare sosiale praktyke; dit word verstaan in verhouding tot wat dit beteken om ‘n meisie of “gay” te wees; vorme van manlikheid kan hegemonies wees; manlikheid het ‘n vaste stel kenmerke vir seuns

om hulself aan te meet. Soos feminisme, is manlike teorie daarop uit om gender- (en ander vorme van) oorheersing te identifiseer en te bekamp. Die mees prominente vorm van manlikheid is, volgens Corrine M Wickens, hegemoniese manlikheid. Hegemoniese manlikheid vervat naamlik die mees resente, 'eerbaarste' manier van man-wees. Dit vereis dat alle 'ander' mans hulself posisioneer in verhouding daartoe. Dit is 'n soort ideologiese wettiging van die algemene marginalisering van vroue en 'ander' mans (2011:159).

Manlike teorie besit die potensiaal om die voorskriftelikheid van patriargie in teks en in die werklike lewe, uit te daag. Volgens Thomas Bean en Helen Harper is die belangrikste bydrae van literêre navorsing die belofte en moontlikheid van 'n verandering wat te weeg gebring kan word deur die uitdaging van simplistiese, rigiede en essensialistiese opvattings oor manlikheid (2007:13). Menslike vryheid en potensiaal behoort binne 'n demokratiese samelewing erken te word eerder as dat benoeming, dominering en 'n geboelie in tradisioneel-aanvaarbare rolle in, plaasvind.

3 Kinderliteratuur en die voorstelling van manlikheid

Storieboeke is een van die kragtigste middels waardeur norme en waardes van 'n samelewing oorgedra kan word. Voorstelling van manlikheid in prenteboeke kan aan kinders voorhou hoe seuns en meisies behoort op te tree. Met ander woorde wat sosiaal aanvaarbaar is en wat nie. Gooden en Gooden beskou taal, die vertel van stories en kinderboeke as 'n gekombineerde en doeltreffende manier om kulturele ideale rondom genderbehoorlike gedrag aan kinders te kommunikeer (2001:91).

Aangesien die jong kind in 'n ontvanklike ontwikkelingsfase is wanneer hy/sy met prenteboeke te doene kry, is die invloed van die hoofkarakter en belangrikste mede-karakters op die kind in hierdie stadium beduidend. Anette Wannamaker noem die

kinderboek ‘n “kulturele artifak” waardeur genderkonstruksie bekend gemaak word (2008:10). By die bestudering van hierdie genre kan maniere gevind word waarop genderkonstruksie by kinders, binne die kulturele diskoers, blootgelê word.

Die manier waarop gender in kinderliteratuur voorgestel word is ‘n relevante en belangrike studieveld, aangesien nosies wat normatiewe genderrolle impliseer en herinstel, wel binne literatuur vir kinders bestaan. Dit is ‘n feit wat uit verskeie navorsingsverslae in die buiteland en plaaslik blyk. Heelwat navorsing is gedoen deur onder andere persone soos S LaDow (1976), Williams, Williams, Vernon en Malecha (1987), Lisa Paul (1998), Angela en Mark Gooden (2001), LT Parsons (2004), S Jackson en S Gee (2005), Hamilton, Anderson, Broaddus en Young (2006), T Bean en H Harper (2007), Y Tsao (2008), J Simons (2009) en A Wannamaker (2009). Plaaslik kon baie min inligting gevind word oor die voorstelling van gender in kinderliteratuur, maar navorsers soos onder andere H Grobler (1988) en MM Nieman en AJ Hugo (2004) het wel die fenomeen in jeugboeke ondersoek. Baie min inligting kon egter gevind word oor die voorstelling van manlikheid in boeke vir kinders, selfs internasionaal. Waardevolle inligting wat genoemde studies oor genderstereotipering toon, is dat nadelige gevolge van stereotipering ook vir seuns geld. Seuns leer van jongs af dat manlike gender-norme hulle op spesifieke maniere konstrueer. Deur seuns en mans voor te stel as sterk, aggressief en in leiersposisies, beteken dat hulle nie emosies mag wys nie, dat hulle nie teer en vertroetelend mag optree nie. Hierdie genderbegrensing beperk identiteitsvorming by seuns.

4 Doel van die studie

Soos reeds genoem, het hierdie studie dit ten doel om die voorstelling van manlikheid in Afrikaanse prenteboeke te ondersoek. ‘n Ontleding van teks en

illustrasies is van die drie boeke gedoen. Die studie is relevant in die Suid-Afrikaanse sosiale konteks, aangesien daar ‘n voortdurende beklemtoning van die veranderende rol van die vrou en meisie in die gemeenskap is. Die vraag kan dus ontstaan: Wat van die seun in die gemeenskap? Miskien is daar in die verlede juis geswyg oor die rol van die man en seun in die gemeenskap, omdat hierdie rol ononderhandelbaar was. Daar is dalk geen nodigheid gesien om manlikheid te ondersoek nie. Patriargale oorheersing en bevoordeling was ‘n gegewe. Geen afwyking van tradisioneel manlike rolle is geduld nie.

Die voorstelling van manlikheid word dikwels gedoen teen die lig van aanvaarde kulturele genderkonstruksies, asof manlikheid en vroulikheid ‘n natuurlike gegewe is. Soos ook reeds genoem, bied kinderliteratuur die ideale geleentheid om tot ‘n baie ontvanklike groep te spreek. Maniere waarop manlikheid in hierdie boeke vir jong kinders voorgestel word, verdien ondersoek.

5 Metode van ondersoek

Taal kan beskou word as ‘n sosialiseringsmeganisme. Hiermee word onder andere bedoel dat taal ‘n middel is waardeur vorme van die sosiale werklikheid aangebied kan word. Coyle (2007:98) beskou diskoersanalise as gesetel in ‘n sosiaal-konstruktivistiese epistemologie wat alle voor-die-hand-liggende beskouinge van die self en die wêreld uitdaag. Diskoersanalise bied dus die moontlikheid om te ondervra en te verstaan hoe nosies oor gender ‘n gegewe word. Soos wat Wannamaker dit noem, is die “multivlakkige verhouding tussen teks, leser en kultuur” ook die fokuspunt van hierdie ondersoek (2008:23).

Elk van die drie prenteboeke is gelees met ‘n eenvoudige koderingskaart by der hand. Op hierdie kaart is die volgende inligting aangeteken: Geslag van

hoofkarakter, geslag van belangrike mede-karakters, benoeming in titel, geslag van karakters in illustrasies gevind, geslag van outeur, asook verskillende gedragspatrone en kenmerke van hoofkarakters en belangrike mede-karakters.

Voorts is ‘n inhoudsontleding van die teks (verhaal) gedoen, asook ‘n bestudering van die illustrasies, waartydens daar gelet is op kleur, lyne en temas. Die sinergie tussen teks en beeld maak van elke prenteboek iets besonders.

Volgens Maria Nikolajeva, is ‘n prenteboek ‘n unieke kunsvorm, gebaseer op die kombinasie van twee vlakke van kommunikasie, naamlik die visuele en verbale. In terme van die semiotiek gestel, kommunikeer die prenteboek dus deur twee stelle tekens, die ikoniese en die konvensionele. Met die ikoniese word die representatiewe bedoel, naamlik waar die teken ‘n direkte verteenwoordiging van sy betekenis is. Konvensionele tekens, aan die ander kant, het geen direkte verhouding tot die objek wat dit beteken nie. Dit is gebaseer op ‘n algemene aanvaarding deur die sprekers van ‘n spesifieke taal, gesproke en kommunikatief, soos gebare, gedragskodes of embleme. Vir enige persoon buite die gegewe gemeenskap is konvensionele tekens betekenloos of het dit ten beste, ‘n ambivalente betekenis. Beide die konvensionele en die ikoniese tekens het hulle oorsprong in menslike kultuur. Die prenteboek is ‘n kombinasie van verbale en visuele tekens. (Nikolajeva 2006:1)

Tydens hierdie studie is ondersoek ingestel na die interaksie tussen teks en illustrasies om vas te stel in watter mate dit gender-boodskappe aan jong kinders kommunikeer. By die lees van elke boek is vrae gevra, na aanleiding van kriteria soos voorgestel deur Lisa Paul: “Whose story is this?, Who is named? And who is not?, Who is on top?, Who gets punished and who gets praised?, Who speaks and who is silenced?, Who fights for honour and who suffers?, Who owns property and

who is dependant?" (1998:16). Die antwoorde op hierdie vrae kon relevante objekte, subjekte en kontekste waarbinne manlikheid opereer, identifiseer.

Die kenmerke van hoofkarakters /gedragskontrolering is gedoen volgens die voorbeeld van Williams, Vernon, Williams en Malecha (1987:153). Dit sluit onderandere kenmerke soos afhanklikheid, onafhanklikheid, aggressiwiteit, aktiwiteit, passiwiteit, assertiwiteit, ondersoekend, onderdanigheid, vertroeteling, versorging, tradisionele rol en nie-tradisionele rol in.

Alvorens die drie voorbeeldboeke bespreek gaan word, word daar gekyk na enkele gevalle van stereotipiese voorstelling van manlikheid in Afrikaanse prenteboeke vir kinders. Binne die Afrikaanse kultuur, waar patriargale dominansie oor dekades heen 'n gegewe was,is die teenwoordigheid van gestereotipeerde karakteruitbeelding in die prenteboekgenre dus geen verrassende fenomeen nie.

Die boek, *Die nag toe die maan nie wou opkom nie* deur Cornelia Venter (1979) is 'n tipiese feëverhaal, waar die skrywer en die illustreerder die manlike karakters as die sterkeres uitbeeld, terwyl die vroulike karakters, die feetjies, mooi is (wat dui op die belangrikheid van fisieke skoonheid vir vroue en meisies) en die kos aandra (dienende ondergeskiktes). Selfs "die heksies doen hul deel. Met lang lepels meng hulle koeldrank in hul ysterpotte." (1979:6).

Sonder om te praat deur Mary-Anne van Rensburg (1980) is 'n voorbeeld van 'n prenteboek sonder enige vroulike karakters. Die seuns in die verhaal is almal aktief besig met buitemuurse, rowwe speletjies: "Die seuns trek en trek en trek en… (14) "Die vier seuns val agteroor, bo-op mekaar!"(15) Een van die seuns se pa is besig om snoeiwerk in die tuin te doen en roep sy kind om te kom help. Die boodskap wat uitgestuur word, is dat fisieke krag nodig is om hierdie soort speletjies te speel en

hierdie tipe werk te doen en dat vroulike karakters nie tuishoort binne hierdie milieu nie.

Manlike aggressie kom in die prenteboek, *Muggie maar man* deur MM van Wyk (1987) aan bod. ‘n Olifant blokkeer die pad na die ruskamp in die wildtuin en “gebalde vuiste swaai”en “toeters toet”. (4) Telkens is die aktiewe karakters manlik. Die diere vergader om ‘n plan te bedink, met Koning Leeu as voorsitter. Selfs Muggie, die held, is manlik. Die aanname kan dus gemaak word dat slegs manlike diere (en so dus manlike mense) slim planne kan bedink en “mans”genoeg kan wees om ernstige probleme tuis en in die samelewing op te los.

Dieselfde voorstelling van die sterk manlike dierekarakters kom in *Die mossie met die spiere* deur Eben de Jager (2000) voor. Leeu, Buffel, Renoster en Olifant spog met hulle “superkrag” (19). Die held van die verhaal is die slim “bom van ‘n mossie” (32), Manie Mossie (manlik).

In Hester Heese se *Wag hier vir my* (1988) is Jakkie die hoofkarakter. Hy speel buite in die hitte met sy “rooi lorrie”(1). Hy kry warm en loop dam toe om te gaan swem. Sy ma is dadelik daar. Sy was dus heeltyd iewers in die agtergrond om hom dop te hou en op te pas. Die avontuurlustige seuntjie met die versorgende, vertroetelende ma is voorbeelde van die tradisionele uitbeelding van manlikheid versus vroulikheid. Waar manlikheid as meer assertief aangebied word.

Hierdie voorstelling van die vrou as immer besig met die huiswerk, versorging en in gestereotipeerde beroepe, kom in verskeie prenteboeke voor. In *Talitha* van Nina van Vliet (1991), is die moeder die een hard aan die werk in die kombuis en ook die een wat by die tuisnywerheid werk. So ook in ‘*n Nuwe bed vir Alexia*, deur Marjorie van Heerden (1992) is die pa die een wat die motor bestuur, kla oor die prys van die bed wat hy moet koop, die houtwerk aan die bed doen en kwaad word, terwyl ma die

een is wat die koffie aandra, paai en vir Alexia liefdevol in die bed sit. Lallie van Staden se *Hier's iets onder my bed* (1994) is nog 'n voorbeeld waar die ma die tradisionele huisvrou is.

Selfs in die pragtige prenteboek, *Wat doen jy Daniël?*, deur Leon de Villiers (2001), word genderrolle gestereotipeerd aangebied. Alhoewel Daniël en sy oupa verbeeldingspeletjies speel, word die ander karakters in die verhaal in tradisionele rolle geplaas. Die pa sit in sy studeerkamer, agter die lessenaar en voor die rekenaar druk aan die werk, terwyl die ouma en die ma besig is met wasgoed was en met kosmaak in die kombuis. Sy suster praat op die telefoon ('tipies' van 'n tienermeisie) en sy broer speel met sy witmuis in 'n deurmekaar slaapkamer ('tipies' van 'n opgeskote seun).

In *Nina en Eendjie* (Hartmann 2007) is mevrou Rajah die een wat tuis is, die wasgoed ophang, verbeeldingspeletjies saam met die kinders speel en sagmoedig saam met Nina die diere vertroetel. Haar man is die nors en kwaai winkelier.

Binne die sosio-kulturele konteks van Afrikaanse letterkunde as verteenwoordigend van persepsies rondom manlikheid binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap, is hierdie genoemde boeke voorbeelde van 'n gestereotipeerde voorstelling van manlikheid.

Die volgende drie boeke word as subversief in die voorstelling van manlikheid binne die genre van Afrikaanse prenteboeke vir kinders beskou en met hierdie hipotese in gedagte, geanaliseer.

Voorstelling van manlikheid in *Kobus het 'n blom* deur Hester Heese en Adriaan van Zyl

TABEL 1

Kobus het 'n blom

BENOEMING IN TITEL?	Ja			
GESLAG VAN OUTEUR?	Vroulik			
GESLAG VAN ILLUSTREERDER?	Manlik			
GESLAG VAN HOOFKARAKTER?	Manlik			
ILLUSTRASIES GEVIND:	**Manlik**	**Vroulik**	**Albei**	**Neutraal**
	17	2	0	1
KENMERKE/GEDRAG:	**Manlik**	**Vroulik**		
Afhanklik	2	0		
Onderdanig/Dienend	2	0		
Kreatief	2	0		
Passief	1	0		
Emosioneel	4	0		
Troetelend	2	0		
Nie-tradisioneel	1	0		

Volgens die bevindinge in Tabel 1, kom heelwat meer illustrasies van manlike karakters in die boek voor. Die twee vroulike illustrasies, is van diere (koei en vark). Geen ander vroulike karakters kom in die boek voor nie. Die groot aantal manlike illustrasies, is hoofsaaklik van Kobus. In een geval word ‘n uil voorgestel en net die teks is ‘n aanduiding daarvan dat dit ‘n mannetjie is. Die enkele neutrale illustrasie, is van ‘n swerm voëls. Soos wat die verhaalinhoud vervolgens bespreek word, sal die gevolgtrekkings rondom die kenmerke en gedrag van die hoofkarakter verduidelik word.

Soos wat die meeste van Hester Heese se werk ‘n intieme verbondenheid met die natuur toon, is *Kobus het ‘n blom* geen uitsondering nie. Kobus woon waarskynlik op ‘n plaas of ‘n kleinhoewe, aangesien hy saans en soggens twee koeie na en van hulle weikamp aanjaag. Hy is ‘n eenkantkind en sy liefde vir die natuur spreek uit sy sensitiwiteit teenoor die omgewing. Geen vriende word genoem nie en hy hou homself besig . Selfs tydens ‘n vakansie by die see, speel hy alleen. Ook daar is hy heeltyd in voeling met die natuur, die son, die strand, die see en die maan.

Kobus merk ‘n suidisselblom op een oggend oppad na die weikamp. Hy ontwikkel ‘n fassinasie met die blom, troetel dit deur “saggies” daaraan te vat en met die blom te praat: “Môre, Blom” en “Nag, Blom” (Heese 1982:2-3). ‘n Vriendskapsverhouding ontstaan tussen die seun en die plant. Die belangrikheid van die blom in Kobus se lewe, is van die eerste bladsy van die boek reeds duidelik. Die enigste illustrasie op hierdie blad, is die van die enkele, geel blom. Reeds op hierdie eerste blad word Kobus se verbintenis tot die blom genoem: “Kobus het ‘n suidisselblom…” (Heese 1982:1). Later wanneer die blom verander en ‘n donsige bal van pluimsade vorm, bewonder Kobus steeds sy blom. Sy vertroeteling van die blom word beklemtoon in die versigtigheid waarmee hy die plant nou benader. Hy is naamlik “…te bang om aan hulle te raak. Hy is amper te bang om by hulle asem te haal.” Die herhaling van die woord “bang” is hier ‘n verdere beklemtoning van sy vrees dat sy enigste, delikate vriend sal verdwyn. Sy vrees vir die verlies aan die plant is so intens, dat hy bereid is om sonder asem klaar te kom – om met ander woorde te sterf. Kobus is bykans in ‘n afhanklikheisverhouding met die blom - vir sy lewe en vir sy geluk.

Op ‘n dag toe Kobus van die skool af kom, het die wind die saadkop uitmekaar gewaai, maar een van die sade beland in ‘n voëlnes, simbool van geborgenheid en plek van nuwe lewe. Die hoop op en moontlikheid van nuwe lewe word dus gesuggereer.

Kobus probeer sy verlies verwerk deur met sy vleër buite te gaan speel, maar dit help nie: “Kobus speel nie lank met sy vlieër nie. Vandag dink hy aan sy blom. Hy trek sy vlieër grond toe en stap huis toe” (Heese 1982:12). Aanvanklik is hier sprake van aktiewe optrede (Kobus speel buite met sy vlieër), maar gou word die hoofkarakter weer passief wanneer hy huis toe stap.

Selfs tydens die gesin se vakansie by die see, bly dink en droom Kobus oor sy blom: “Die geel blare op die sambreel lyk soos sy suidisselblom.” en “In die sonspatsels by die see sien hy sy blom.”, asook: “Met die weerkaatsing van die maan op die water verlang hy na sy blom (Heese 1982:22-24). Kobus treur en is hartseer oor sy verlore blom. Hy bly smag na sy vriend. Wanneer hulle egter terug by die huis kom vind hy ‘n hele kamp vol suidisselblomme. Hy herken die plaasvervanger by die hek: “Die blom by die hek is die mooiste. ‘Dag, Blom,’ sê Kobus” (Heese 1982:30).

Met hierdie ongewone, nie-tradisionele voorstelling van ‘n seun en sy liefde vir en vertroeteling van ‘n blom, bied Hester Heese aan die Afrikaanse kind ‘n realistiese, alternatiewe voorstelling van manlikheid in ‘n prenteboek. Hierdie soort voorstelling van die protagonis as teer en vertroetelend, skep ‘n gevoel van aanvaarding van individualistiese optrede . Dit is naamlik in orde vir ‘n seun om om te gee vir iets so broos en natuurlik soos ‘n blom en hy mag dit boonop wys. Hier is een van die veelvuldige stemme van manlikheid aan die woord. Kobus tree op teen sosiale verwagting in.

Die romanties-realistiese illustrasies deur Adriaan van Zyl is hoofsaaklik in wit en swart met enkele kleurspatsels. Geel is die sterkste kleur in die boek. *Kobus het ‘n blom* is die eerste en enigste prenteboek vir kinders deur Van Zyl geïllustreer. Die illustrasies, wat deur Van Zyl self plek-plek super-realisties genoem is (Wybenga & Snyman 2005:77), is broeiend en intens, wat ‘n toespeling op die seun se sensitiewe geaardheid kan wees. Die illustrasie op die omslag van die boek word herhaal op die heel laaste bladsy van die boek. Hierdie illustrasie vervat die essensie van die verhaal, naamlik ‘n jong seun wat teen sosiale verwagting in, sy eie manlike identiteit konstrueer. Hy doen dit deur die openlike uitstorting van sy liefde op ‘n blom.

Op die heel eerste bladsy van die boek oorheers die enkele illustrasie van die blom reg in die middel van die blad, waar dit nie misgekyk kan word nie. Die teks word telkens onderaan die blad in parallel met die illustrasie geplaas. Die helder geel kleur van die blom word herhaal in die sonsambreel en die sonlig by die see. Hierdie kleur is waarskynlik verteenwoordigend van die tema van geluk in die boek. Kobus is naamlik van die blom afhanklik vir sy geluk. Wanneer hy die kleur sien, herinner dit hom aan sy blom.

Die illustrasies is lewensgetrou en byna fotografies. Die oorgroot illustrasie van die suiddisselsaad kan ‘n aanduiding van die belangrikheid van hoop in die boek wees, naamlik hoop op nuwe lewe, uitkoms en geluk.

Kobus word voorts uitgebeeld as intens, ernstig en gefokus. Hy lag selde. Die totale impak van hierdie visuele voorstelling is dus dié van ‘n sensitiewe, intense, diepsinnige seun. Die sagte lyne van die illustrasies is in skrille kontras met die skerp, puntigheid van die oorgroot saad. Soos ‘n wiel met speke, tol die saad voort totdat dit sy lê kry waar dit uiteindelik sal ontkiem en nuwe lewe sal voortbring.

Met *Kobus het ‘n blom*, bied die skrywer en die illustreerder aan die jong leser ‘n realistiese blik op die sagter sy van manlikheid. Hier is geen sprake van konformering tot stereotipiese genderkonstruksie nie. Om uitdrukking te gee aan jou gevoelens, om teerheid te toon, word immers as tradisioneel vroulike kenmerke beskou. In hierdie boek het die hoofkarakter egter geen probleem om sy liefde vir ‘n blom te wys en om sodoende sy koesterende individualiteit te openbaar nie. By Kobus bestaan geen vrees vir of skuldgevoel oor sogenaamd ‘vroulike kwaliteite’ nie.

Voorstelling van manlikheid in *Olinosters op die dak* deur Marita van der Vyver en Piet Grobler

TABEL 2

Olinosters op die dak

BENOEMING IN TITEL?	Nee			
GESLAG VAN OUTEUR	Vroulik			
GESLAG VAN ILLUSTREERDER?	Manlik			
GESLAG VAN HOOF-/MEDE-KARAKTERS?	Manlik			
ILLUSTRASIES GEVIND:	**Manlik**	**Vroulik**	**Albei**	**Neutraal**
	14	0	10	7
KENMERKE/GEDRAG:	**Manlik**	**Vroulik**		
Afhanklik	5	0		
Onafhanklik	3	1		
Kompeterend	1	0		
Voorskriftelik	2	2		
Aanhoudend	1	0		
Ondersoekend	3	2		
Emosioneel	2	1		
Kreatief	3	0		
Troetelend	3	3		
Passief	1	1		
Aktief	5	4		
Reddend	4	2		
Tradisioneel	1	1		
Nie-tradisioneel	1	0		

Met hierdie boek, bied Marita van der Vyver en Piet Grobler ‘n humoristiese voorstelling van manlikheid aan jong kinders. Daniël, die protagonis, kuier by sy oupa en ouma, maar saans wanneer hy moet gaan slaap, is hy bang. Alhoewel Oupa vir Daniël vertel van die “dapper soldaat” en Ouma vir hom sing van die “dapper muis”, is Daniël te bang om aan die slaap te raak. Die kamer en die bed is vir hom vreemd en tydens sy kreatiewe verbeeldsvlugte tower Daniël die een monster na die ander op. Sy grootouers verwag van hom om manmoedig sy vrese te trotseer.

Volgens Tabel 2, is daar 14 slegs manlike illustrasies in die boek, 10 illustrasies waar albei geslagte voorgestel word en 7 illustrasies waarvan die geslag onbepaald is.

Daniël is ‘n kreatiewe kind, wat hom elke moontlike monster bedink. Met hierdie monsters probeer hy sy grootouers by hom hou. Hy is afhanklik van hulle teenwoordigheid om die monsters te besweer. Hy voel vreemd in die nuwe bed en kamer en hy hoor vreemde geluide. Daniël huiwer nie om te wys dat hy bang is vir hierdie ongewone situasie nie. Hy wys sy emosies. Daniël is openlik bang en verlustig hom sonder huiwering in die troeteling van sy grootouers en sy speelgoed en die kat. Alhoewel hy sy vrese regverdig met die teenwoordigheid van monsters, skroom hy nie om om hulp te roep nie. Hierdeur erken hy sy afhanklikheid van sy ouma en oupa. Alhoewel meestal passief en bang, is Daniël ondersoekend. Hy is bereid om onder sy bed in te loer om te sien wat daar wegkruip.

Daniël se oupa word voorgestel as onafhanklik, kompeterend en voorskriftelik. Hy neem die leiding in die aanspreek en oorwinning van die monsters. Hy is reddend en aktief en in hierdie opsig dus tradisioneel manlik. Tog is Oupa ook kreatief in sy planne om van die monsters ontslae te raak. Hy toon ‘n sagte kant deur saam te speel in sy kleinseun se verbeeldingswêreld: “Ons is mos nie bang vir olinosters nie!” en “Gaan weg, olinosters!”, asook “Wie’s nou bang vir ‘n blouwildekameel?” (Van der Vyver 1996:9, 10, 18). Hy is ook troetelend en teer in sy hantering van en sy betoning van liefde teenoor die kind (Van der Vyver 1996:31). Hierdie eienskappe is nie tradisioneel manlik nie. Ouma is liefdevol en troetelend, tipies van die dienende vrou, maar sy is ook assertief en aktief in die soeke na en verjaging van die monsters “Kom ek wys jou.” en “’Waa!’ skreeu Ouma.” (Van der Vyver 1996:14-15). Die ambivalensie in die uitbeelding van hierdie twee karakters is ‘n grappige, dog treffende wyse om stereotipering te ondermyn.

Die oorwegend nie-tradisionele voorstelling van die manlike hoofkarakter in die teks vind op interessante maniere plaas. Daniël “streel” oor die “bobberilla” se lyf en hy erken dat die dier “sag” en “warm” is soos sy eie troetel-teddiebeer (Van der Vyver

1996:25). Hierdie soort woordspel wat gepaard gaan met subversiewe humor, daag telkens die stereotipiese voorstelling van manlikheid uit.

Voorts is daar ‘n ritmiese herhaling in die teks, soos waar “groot swaar diere doef-doef-doef om die skoorsteen dans” (Van der Vyver 1996:7), daar is ook die herhaling van die woord “olinosters”, wat die kind se benoudheid oor die monsters op die dak intensifiseer. (Van der Vyver 1996:9) Wanneer Oupa die monsters op die plafon “kwaai” besweer, eggo Daniël die dreigement “En al die olinosters spring dadelik van die dak af.” Op bladsy 13 word die “slurp”- en “snork”-geluide van die “wrede waterdier” in die badkamer ‘n “kwaai krokokoei” op bladsy 14 (Van der Vyver 1996:14). Hierdie selfde krokokoei skrik homself “skoonveld weg” toe Ouma en Daniël afsonderlik “Waa!” skreeu. (Van der Vyver 1996:15).

Volgens Wybenga en Snyman (2005:433), skets Piet Grobler “baldadige fantasiediere”, wat Daniël optower en sy oupa en ouma moet help verslaan. Hierdie karikatuuragtige voorstelling, gekombineerd met elemente van naïwiteit (Wybenga & Snyman 2005:81) is tipies van die unieke illustrasiekuns van Grobler en bied ‘n prettige ondersteuning van die teks.

Die illustrasies in die boek is helder en bont, met blou as oorheersende kleur. Grobler maak gebruik van oordrewe en puntige gelaatstrekke vir die karakters met sprekende emosie in die gesigsuitdrukkings. Met sy illustrasies bied Grobler ‘n vrolike wêreld van geluk, humor en hope liefde. Binne hierdie warm milieu word ‘n seuntjie se vrese en menslike emosies uitgebeeld as teenvoeter van hegemoniese manlikheid wat die boodskap oordra dat mans altyd dapper, moedig en vreesloos moet wees.

Voorstelling van manlikheid in *Drie hoera's vir Denver!* deur Wendy Maartens en Alida Bothma

TABEL 3

Drie hoera's vir Denver

BENOEMING IN TITEL?	Ja			
GESLAG VAN OUTEUR?	Vroulik			
GESLAG VAN ILLUSTREERDER?	Vroulik			
GESLAG VAN HOOF-/MEDE-KARAKTERS?	Manlik			
ILLUSTRASIES GEVIND:	**Manlik**	**Vroulik**	**Albei**	**Neutraal**
	11	4	4	0
KENMERKE/GEDRAG:	**Manlik**	**Vroulik**		
Aktief	2	1		
Passief	1	1		
Afhanklik	1	1		
Vertroetelend	1	2		
Versorgend	1	1		
Emosioneel	2	2		
Dienend	0	1		
Beskermend	1	1		
Kreatief	1	2		
Tradisioneel	1	2		
Nie-tradisioneel	1	0		

Hierdie boek deur Wendy Maartens bevat heelwat meer teks as die gemiddelde prenteboek, wat dit waarskynlik eerder as 'n geïllustreerde kinderboek as 'n prenteboek kategoriseer. Volgens Judith Graham, is die verskil tussen 'n prenteboek en 'n geïllustreerde kinderboek dat laasgenoemde 'n teks bevat wat, alhoewel dit deur illustrasies aangevul word, alleen kan voortbestaan. Met ander woorde die verhaal kan vertel word sonder die narratiewe funksie van die illustrasies (in Goodwin 2008:96). Tog is daar in hierdie boek 'n subtiele interaksie tussen woord en beeld, spesifiek in die skep van atmosfeer en die uitbeelding van emosie en gemoedstoestand van die hoofkarakter.

Volgens Tabel 3, is daar 11 slegs manlike illustrasies, 4 slegs vroulik en 4 van albei geslagte. Denver, die hoofkarakter, word aanvanklik uitgebeeld as die passiewe ontvanger van mishandeling. Hy word uitgebeeld as ‘n afhanklike, oorgelewer aan die twyfelagtige versorging en beskerming van ‘n misbruikende stiefpa. Die sensitiewe, emosionele Denver ontwikkel spraakprobleme in reaksie op die seksuele misbruik. Dit is net wanneer hy by sy sangjuffrou is, dat hy kan ontspan. Dan skep hy behae in die lekker reuk van die onderwyseres met haar mooi “pienk lipstiffie”. Hy geniet ook die immerteenwoordige pot met rose wat op die klavier staan. Hy wens dan dat hy vir juffrou Lea van sy geheim kan vertel, maar hy voel beskermend teenoor haar en wil haar nie opsaal met die vreeslike werklikheid nie: “’n Mens kan nie sulke nare goed vertel vir iemand wat soos ‘n engel lyk nie. Nie iemand wat rose kan laat rittel van lekkerkry nie.” (Maartens 2009:9).

Die voorstelling van Denver se ma in die tradisionele rol van kleremaakster, waar sy heeldag agter haar naaimasjien sloof, is tipies van die allesgedogende, opofferende vrou binne ‘n patriargale gemeenskap. Denver besef dat sy ma dit doen om geld in die hande te kry sodat hy vir sanglesse kan gaan. Hy en sy ma is verder vir hulle materiële behoeftes van Oom Jaap afhanklik. Sy ma se vriend is op sy beurt tipies van die aktiewe, tradisionele man. Hy is die broodwinner, die versorger en die beskermer van sy huisgesin: “Oom Jaap sorg goed” vir Denver en sy ma (Maartens 2009:4).

Hy is die een wat die reëls maak: “Denver moenie eens daaraan dink om iemand te vertel nie. Hy sal weet. Dan wys hy na die groot stapel pampoene in die hoek van die kamer en sê: ‘Selfs die pampoene het ore, pasop!’” (Maartens 2009:7). Oom Jaap sal geen teenstand duld nie.

Juis omdat Denver se ma en die gemeenskap nie weet wat regtig aangaan nie, beskou hulle Oom Jaap as die ideale man. Dit maak Denver bang om te kla, want hy vrees ongeloof en die verlies aan liefde van sy ma en Juffrou Lea. Hy vrees ook dat hy deur God verwerp sal word as “slegte kind”, omdat hy die misbruik toelaat (Maartens 2009:8). Oom Jaap is dus die een met die mag en Denver kruip eerder weg onder die “pers trompettertjies” en agter sy gehakkel as om op te tree. Hy word so vasgevang in ‘n vroulike realm van onmag, afhanklikheid en ondergeskiktheid, dat dit verlammend is.

Denver is ‘n magtelose slagoffer in die verhaal, totdat kuns ‘n uitkomkans bied. Deur sy sangtalent en as gevolg van die opwinding oor die sangkompetisie, kry Denver uiteindelik die moed om teenoor Juffrou Lea te bieg, met verlossende gevolge. Die voorstelling van Denver as ‘n ‘sagte’ manlike karakter word deur sy verbintenis met musiek en kuns beklemtoon. Daar bestaan definitiewe sosiale nosies dat musiek en kuns tradisioneel vroulike gebied is en dat belangstelling in hierdie areas dus ‘n soort vrouagtige (effeminate) identiteit suggereer (Bhana 2009:336).

As gevolg van Lea se sensitiewe hantering van die situasie en met die aanmoediging van die kat wat liefdevol op sy skoot spin, bieg Denver uiteindelik. Aan die einde van die biegsessie gee Juffrou Lea vir Denver ‘n “bloedrooi lekkerruikroos” (Maartens 2009:18) om hom beter te laat voel en as simbool van haar onvoorwaardelike liefde. Wanneer Denver tydens die sangkompetisie voor die mikrofoon inskuif vloei sy hartseer, pyn en skuldgevoelens saam met die klanke van sy lied uit en die dag word vir hom so mooi, dat “Denver wens die dag wil nooit verbygaan nie.” (Maartens 2009:23).

Alhoewel gendervoorstelling in die uitbeelding van die karakters van Oom Jaap en Denver se ma konvensioneel is, is die konstruksie van manlikheid in die geval van

die protagonis nie-tradisioneel. Die hoofkarakter toon sogenaamd vroulike kwaliteite. Hy is ‘n sensitiewe, emosionele seun met selferkende vrese en die begeerte na aanvaarding en liefde. Denver word voorgestel as sag, warm en op ander se gevoelens ingestel.

Deur die illustrasies in die boek, toon Alida Bothma ‘n fyn aanvoeling vir die uitbeelding van emosie. Geïnspireer deur die verhaal, is die illustrasies van hierdie kunstenaar hoofsaaklik gemoeid met die innerlike belewenis van die hoofkarakter. Hierdie subjektiwiteit verleen aan die illustrasies ‘n byna intieme styl, waaruit die hartseer, verwarring en pyn van die hoofkarakter spreek. Die illustrasies is hoofsaaklik treffende, donker, houtskool omlyning, met aksente van wit en hier en daar subiele aanwending van kleur. Veral die skets van Oom Jaap is onheilspellend donker en strak.

Waar Denver wegkruip word hy telkens wanhopig, ineengekrimp van angs, voorgestel. Hierdie illustrasies spreek van pyn, verwarring, hartseer en skaamte. Aan die einde van die boek word Denver in ‘n teenoorgestelde posisie uitgebeeld. Sy lyf is regop, hy bal sy vuiste triomfantlik in die lug en daar is ‘n groot glimlag op sy gesig. Die verskillende stadia in die lewe van Denver, van sy wanhoop tot sy geluk en oorwinning, word sensitief uitgebeeld in die ekspressionistiese stilering van Bothma.

6 Slot

Volgens Anette Wannamaker is die realiteit dat manlikheid steeds binne gemeenskappe as ononderhandelbaar beskou word. Die gestereotipeerde voorstelling van manlikheid kom ook, soos die eerste groep voorbeelde uitwys, steeds in Afrikaanse kinderboeke voor. Manlikheid mag beskou word as iets wat nie ondersoek hoef te word nie, omdat dit ‘n natuurlike gegewe is, maar om ‘n man te

wees beteken om eerstens mens te wees “[and] not being gendered” (2008:147). Om ‘gemerk’ te word as manlik, beteken dat jy ‘n voorafbepaalde posisie binne kultuur inneem. Deur manlikheid as geslag te benoem, word sosiale konstruksie duidelik. Hierdie benoeming bied egter ook die ruimte waarbinne die kind hom-/haarself as agent tot verandering kan sien (Wannamaker 2008:147-148).

Alhoewel steeds binne ‘n streng patriargale werklikheid, bied Suid-Afrikaanse skrywers en illustreerders, met boeke soos die drie bespreek, aan jong kinders die geleentheid om kennis te maak met karakters wat aannames oor gender en manlikheid aanspreek. Daar is ‘n wegbreek van voor-die-hand-liggende nosies oor gender, wat kritiese denke by jong kinders kan aanmoedig. Karakters met anderse stemme (soos Kobus wat sy liefde vir ‘n blom uitleef, Daniël wat sy vrese vir monsters toon en Denver wat in kuns ontvlugting vind) kan dominante hegemoniese patrone uitdaag en sodoende ook die patriargale orde uitdaag. Hierdie drie karakters vorm deel van wat as ‘n soort wegbreek-aksie binne die genre van Afrikaanse kinderliteratuur beskou kan word. ‘n Wegbreek van die eise wat gestel word deur die illusie van wat ‘n “regte seun/man” behoort te wees (Bhana 2009:337).

Bibliografie

Babbie, E. 2007. *The practice of social research*. Belmont: Homson Wadsworth.

Clapp-Intyre, A. 2007. Battle on the gender homefront: Depictions of the American Civil War in contemporary young-adult literature. *Children’s Literature in Education* 38:153-161.

Bhana, D. 2009. Boys will be boys: what do early childhood teachers have to do with it?. *Educational Review* 61(3):327-339.

Coyle, A. 2007. Discourse analysis, in Lyons & Coyle (eds). 2007. *Analysing qualitative data in psychology*. London: Sage Publications.

De Jager, E. 2000. *Die mossie met die spiere*. Geïllustreer deur Rina Coetzee. Pretoria:LAPA.

De Villiers, L. 2001. *Wat doen jy Daniël?* Geïllustreer deur Annelie van der Vyver. Pretoria:LAPA.

Dunro, E. 2003. US boys like to read football and boy stuff: reading masculinities, performing boyhood. *Journal of literacy research* 34(4):465-500.
Gardiner, JK (ed). 2002. *Masculinity studies & feminist theory: new directions*. New York: Columbia University Press.
Gooden, AM & Gooden, MA. 2001. Gender representation in notable children's picture books: 1995-1999. *Sex Roles: A Journal of Research* 45(1/2):89-98.
Goodwin, P (ed). 2008. *Understanding children's books: a guide for educational professionals*. Los Angeles: Sage.
Grobler, H. 1988. Me Tarzan – you Jane: sex stereotyping in Children's books. *Towards understanding children's literature for Southern Africa*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.
Hamilton, M, Anderson, D, Broaddus, M & Young, K. 2006. Gender stereotyping and under-representation of female characters in 200 popular children's picture books: a twenty-first century update. *Sex Roles* 55:757–65.
Hartmann, W. 2007. *Nina en Eendjie*. Geïllustreer deur Marjorie van Heerden. Kaapstad:Human & Rousseau.
Heese, H. 1982. *Kobus het 'n blom*. Geillustreer deur Adriaan van Zyl. Pretoria:Qualitas.
Heese, H. 1988. *Wag hier vir my*. Geïllustreer deur Ann Walton. Kaapstad: Feniks.
Hunt, P. 2005. Understanding children's literature. New York:Routledge.
Jackson, S & Gee, S. 2005. "Look Janet", "No you look John": constructions of gender in early school reader illustrations across 50 years. *Gender and Education* 17(2):115-128.
Lyons, E & Coyle, A (eds). 2007. *Analysing qualitative data in psychology*. London: Sage Publications.
Maartens, W. 2009. *Drie hoera's vir Denver!*. Geillustreer deur Alida Bothma. Pretoria:LAPA.
Nikolajeva, M & Scott, C. 2006. *How picturebooks work*. New York:Routledge.
Nieman, MM & Hugo, AJ. 2004. Vrouekarakters in bekroonde Afrikaanse jeugboeke: 'n opdatering. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 44(1):1-14.
Nodelman, P. 1988. *Words about pictures: the narrative art of children's picture books*. Georgia : University of Georgia Press.
Paul, L. 1998. *Reading otherways*. Woodchester Stroud:Thimble Press.
Robinson, V. 2003. Radical revisionings? The theorizing of masculinity and (radical) feminist theory. *Women's studies international forum*, 26(2): 129-137.
Sipe, LR. 1998. How picture books work: a semiotically framed theory of text picture relationsips. *Children's literature in education* 29(2):97-108.
Van der Vyver, M. 1996. *Olinosters op die dak*. Geïllustreer deur Piet Grobler. Kaapstad: Human & Rousseau.
Van Heerden, M. 1992. *'n Nuwe bed vir Alexia*. Geïllustreer deur Marjorie van Heerden. Kaapstad: Human & Rousseau.
Van Rensburg, M. 1980. *Sonder om te praat*. Geïllustreer deur Lisa Coaton. Kaapstad : HAUM.
Van Staden, L. 1994. *Hier's iets onder my bed*. Geïllustreer deur Denise Hurry. Pretoria: Daan Retief.
Van Wyk, MM. 1987. *Muggie maar man*. Geïllustreer deur Elizabeth Pulles. Pretoria: Daan Retief.
Van Vliet, N. 1991. *Talitha*. Geïllustreer deur Friedel Eloff. Pretoria: Daan Retief.
Venter, C. 1979. *Die nag toe die maan nie wou opkom nie*. Geïllustreer deur Gezina Ras. Johannesburg: Perskor.
Wannamaker, A. 2009. *Boys in children's literature and popular culture: masculinity, abjection, and the fictional child*. New York:Routledge.

Wickens, CM. 2011. Codes, silences and homophobia: challenging normative assumptions about gender and sexuality in contemporary LGBTQ young adult literature. *Children's literature in education* 42:148-64.

Williams, JA, Williams, MC, Vernon, J & Malecha, K. 1987. *Sex role socialization in picture books:An update*. Nebraska: Sociology Department, University Nebraska.

Wybenga, G & Snyman, M. 2004. *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom: 'n gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek*. Pretoria:LAPA.

Wolf, A, Coats, K, Enciso, P & Jenkins, CA. 2011. *Handbook of research on children's and young adult literature*. New York:Routledge.

Zambo, D. 2007. Using picture books to provide archetypes to young boys: extending the ideas of William Brozo. *The reading teacher* 6(12): 124-131.